

**21 Mei**

**Skrifgedeelte: Jakobus 2:14-26**

**Fokusgedeelte: Jakobus 2:17**

### **Geloof met hande**

Ons teks leer ons: Geloof op sigself is dood! Dit beteken: Geloof sonder daede is dood. 'n Boom word immers aan sy vrugte geken. 'n Slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom dra goeie vrugte. 'n Dooie boom dra geen vrugte nie. So is geloof sonder daede ... dood! Geloof sonder daede kan ook beskryf word as geloof sonder hande, want liefdesdaede is die kenmerk van 'n ware lewende geloof.

Ware geloof beteken: Geloof met hande. Dit gaan om hart *en* hande (Ps. 40:4, 1936-beryming). Hande om mekaar se laste te help dra (Gal. 6:2). Selfs die wêreld het 'n probleem met geloof sonder hande. Die wêreld van vandag kyk eerder na dit wat die kerk (gelowiges) *doen*, nie soseer dit wat die kerk *sê* (bely) nie. Daarom roep ons teks ons op om geloof te doen! Om betrokke te wees by die probleme van ons tyd. Deur ons liefdesdaede moet ons mense bereik, hulle lewens aanraak, en 'n verskil maak. Met hande wat aanraak, hande wat gee, hande wat help, hande wat dra, hande wat vashou. Geloof met opgerolde moue, waar die hande na mense in nood uitgesteek word. Uit dankbaarheid vir die onverdiende liefde en genade wat ons van God in Jesus Christus ontvang het.

Kyk maar na die hande van onse Here Jesus Christus waar Hy vandag in heerlijkheid aan die regterhand van sy Vader op die troon in die hemel sit. Sy hande is hande wat met spykers deurbaar is. Hy dra nog steeds die spykermerke van dit wat Hy vir ons aan die kruis gedoen het. Waar Hy sy lewe vir ons afgelê het, sodat ons mag lewe. En dit is wat Hy in sy Woord van ons verwag: Nie net geloof nie, maar geloof met hande.

*Sing: Psalm 40:4 (1936)*

*Ds. MP (Pieter) Harris (Emeritus)*